



Verwysing: 20210331-1986
Lêerno.: 12/12/10/2
Navrae: D.D. Louw

Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Onderwerp: Riglyne vir die oorhandigingsproses van die uittredende aan die nuutverkose beheerliggaam

1. Artikel 19(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig, verg dat 'n prinsipaal en ander amptenare beheerliggame moet help met die verrigting van hulle werksaamhede ingevolge die Wet.
2. Die hersiene *Regulasies op Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021*, soos in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 8398 van 12 Maart 2021 gepubliseer, verg dat die prinsipaal die eerste vergadering van die nuutverkose beheerliggaam moet belê, binne tien dae na die verkiesing en vyf dae nadat hy of sy skriftelik deur die skool se kiesbeampte in kennis gestel is van die datum van die verkiesing en die name en adresse van die persone wat as lede verkies is.
3. Die prinsipaal moet 'n vergadering tussen die ampsdraers van die uittredende beheerliggaam en die ampsdraers van die nuutverkose beheerliggaam belê en voorsit, wat binne sewe dae van die eerste vergadering van die nuwe beheerliggaam gehou moet word sodat die oorhandigingsproses kan plaasvind.
4. Die prinsipaal, as amptelike verteenwoordiger van die Hoof van die Departement wat op die beheerliggaam dien, moet die oorhandigingsproses verrig deur amptelik alle toepaslike bestuurslêers aan die nuwe beheerliggaam te verskaf en te verseker dat daar voldoende administratiewe maatreëls ingestel is wat daarop gemik is om die administratiewe en optekeningbestuursprosesse in stand te hou. Die prinsipaal moet in dieselfde vergadering 'n inhuldigingsessie vir die nuwe lede hou en enige vrae wat die nuwe beheerliggaam mag hê, beantwoord.

5. 'n Oorhandigingsertifikaat (Bylae A), wat deur die inkomende asook uittredende voorsitter onderteken is, moet ingevul en veilig by die skool bewaar word.
6. Prinsipale word herinner dat die Wes-Kaap Onderwysdepartement jaarliks geoudit word, en bewys van die werklike oorhandigingsproses moet behoorlik genotuleer en opgeteken word.
7. Bring asseblief die inhoud van hiedie minuut onder die aandag van die uittredende beheerliggaamlede.

GETEKEN: HA LEWIS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2021-04-20